

Het Jehovah se Getuies die waarheid?

Wie is Jehovah se Getuies?

Jehovah se Getuies lewe volgens streng sedelike standaarde wat gebaseer is op 'n fundamentalistiese interpretasie van die Bybel. Hulle is bekend daarvoor dat hulle mense probeer bekeer deur van huis-tot-huis Wagtoringlektuur te versprei.

Die vernaamste boodskap van die Wagtoringgenootskap is:

- Jehovah alleen is God
- God sal *binnekort* die aarde in 'n ewige paradys omskep

Die keersy is egter dat die Paradys voorafgegaan sal word deur Armageddon, God se oorlog, waartydens miljarde mense wat nie Jehovah se Getuies geword het nie, vir ewig vernietig sal word.

“Daar is miljarde mense wat Jehovah nie ken nie. Baie van hulle doen in onkunde dinge wat volgens God se Woord goddeloos is. As hulle hiermee volhou, sal hulle onder diegene wees wat gedurende die groot verdrukking omkom.”—*Die Wagtoring* van 1 Oktober 1993, bladsy 19.

Redding hang daarvan af dat jy jou bekeer en jou assosiasie met mense van die wêreld beperk.

“Hoewel 'n mate van kontak met wêreldse mense onvermydelik is—by die werk, op skool en andersins—moet ons waaksaam wees sodat ons nie in die dodelike atmosfeer van hierdie wêreld teruggetrek word nie.”—*Die Wagtoring* van 15 September 1987, bladsy 12.

Die Wagtoringgenootskap word beskou as 'n hoëbeheergodsdiens omdat die leiers beweer:

- Hulle word deur God se heilige gees gelei
- Net hulle leer die waarheid
- Redding is alleenlik moontlik deur met hulle as 'n groep te assosieer
- Onvoorwaardelike gehoorsaamheid word vereis
- Andersgesindes moet uitgesit en vermy word

Die leiers word die “getrou en verstandige slaaf” genoem en verklaar:

“Aangesien Jehovah God en Jesus Christus die getroue en verstandige slaaf ten volle vertrou, moet ons dit dan nie ook doen nie?”—*Die Wagtoring* van 15 Februarie 2009, bladsy 27.

“Almal wat die Bybel wil verstaan, moet besef dat die ‘menigvuldige wysheid van God’ net deur Jehovah se kommunikasiekanaal, die getroue en verstandige dienskneg, bekend kan word.”—*Die Wagtoring* van 1 Oktober 1994, bladsy 8.

Uitsetting

'n Kommerwekkende aspek van Wagtoringleerstellings is uitsetting.

“‘Uitsetting’ is wat Jehovah se Getuies gepas die uitsetting en gevolglike vermyding van die onberouvolle oortreder noem. ... Net om vir iemand ‘Hallo’ te sê, [kan] die eerste stap . . . wees wat tot 'n gesprek of moontlik selfs 'n vriendskap kan lei. Wil ons daardie eerste stap teenoor 'n uitgesette persoon doen?’ —*Die Wagtoring* van 1 September 1981, bladsy 22 en 25, gedeeltelik uit Engels vertaal.

'n Getuie kan uitgesit word deur enige leerstelling of gebruike openlik te bevraagteken of nie langer te glo dat die “slaaf” deur God gerig word nie. Die persoon word gevolglik vermy deur alle familie en vriende wat Getuies is. Dit lei tot verskriklike trauma. Enigiemand wat daaraan dink om gedoop te word, moet ten volle bewus wees van die Wagtoringgenootskap se geskiedenis, leerstellings en gebruike voordat hulle so 'n verbintenis aangaan.

Om as een van Jehovah se Getuies groot te word

Om as een van Jehovah se Getuies groot te word, is 'n unieke ervaring met uiteenlopende resultate. Aan die een kant word sterk, liefdevolle familiebande aangemoedig. Ironies genoeg, is dit die teenoorgestelde vir diegene wat die godsdiens verlaat. Daar word geskat dat twee derdes van Getuiekinders die godsdiens verlaat. Die familieledede van diegene wat uitgesit is, word aangemoedig om kontak tot 'n absolute minimum te beperk.

“Is dit werklik nodig om die persoon heeltemal te vermy? Ja . . .

Lojale Christenfamilieledede soek nie na verskonings om kontak te hê met 'n uitgesette familielid wat nie in die huis woon nie.”—*Hou julle in God se liefde*, bladsye 207-208.

Kinders wat as Jehovah se Getuies grootgemaak word, ontwikkel 'n ongewone uitkyk op die lewe. Hulle besef nie net dat liefde daarvan afhang om deel van die godsdiens te bly nie, maar hulle word ook die volgende eenaardige konsepte geleer:

JY SAL NOOIT OUD WORD NIE

“As jy 'n jongmens is, moet jy ook die feit aanvaar dat jy nooit oud sal word in hierdie teenswoordige stelsel van dinge nie. Hoekom nie? Omdat al die bewyse ter vervulling van Bybelprofesie toon dat hierdie korrupte stelsel binne 'n paar jaar sal eindig. . . . As 'n jongmens sal jy dus nooit enige loopbaan vervul wat hierdie stelsel bied nie. As jy op hoërskool is en daaraan dink om verder te studeer, kan dit ten minste vier, of selfs ses tot agt jaar neem voordat jy jou graad in 'n gespesialiseerde beroep ontvang. Maar waar sal hierdie stelsel van dinge teen daardie tyd wees? Dit sal amper op sy einde wees; indien nie al verby nie!”—*Awake*, May 22, 1969, bladsy 15, uit Engels vertaal.

JY SAL NOOIT STERF NIE

“Diegene wat met 'n blywende plek in die nuwe aarde geseën word, sal nie oud word en dan uiteindelik sterf nie.”—*Die Wagtoring* van 15 April 2000, bladsy 16.

VIERINGE

“Verjaarsdae . . . Kersfees . . . Paasfees. . . . Ons waardeer dit opreg wanneer onderwysers ons kinders verskoon om aan enige bedrywighede deel te neem waartydens hierdie vakansiedae gevier word.”—*Die skool en Jehovah se Getuies*, bladsye 18-21, uit Engels vertaal.

UNIVERSITEIT

“Maar wat van hoër onderwys, wat by 'n kollege of 'n universiteit ontvang word? . . . Sulke opleiding verkwis waardevolle jeugjare wat ten beste in Jehovah se diens gebruik kan word.”—*Die Wagtoring* van 15 April 2008, bladsy 4.

WÊRELDSE MENSE

“... die meeste mense in die wêreld ‘is dood deur hulle misdade’.”—*Ons Koninkryksbediening* vir Desember 1986, bladsy 1.

“Ons moet ook daarteen waak dat ons nie te veel met wêreldlinge omgaan nie.”—*Die Wagtoring* van 15 Februarie 1994, bladsy 24.

SPORT

“Ons glo dat deelname aan georganiseerde sport jong Getuies aan onheilsame assosiasie kan blootstel.”—*Die skool en Jehovah se Getuies*, bladsy 23, uit Engels vertaal.


Geskiedenis

Die Wagtoringgenootskap beweer dat daar nog altyd getuies van Jehovah was.

“Jehovah se getuies het ’n geskiedenis van byna 6000 jaar lank ...”—*Jehovah’s Witnesses in the Divine Purpose*, bladsy 8, uit Engels vertaal.

In werklikheid is die godsdienis in 1879 begin deur pastor Russell as ’n splintergroep van die Second Adventists. Vir die tydperk van 1800 jaar vanaf die dood van die apostels tot en met Russel, kon die Wagtoringgenootskap nie ’n enkele groep identifiseer wat al die leringe volg wat hulle beweer nodig is vir ’n “ware Christen” om vir God aanvaarbaar te wees nie.

Russell se vernaamste lering dat die groot verdrukking in 1914 sou plaasvind, kom van Adventiste sowel as piramidologie.



“Die piramide getuig dus dat die einde van 1914 die begin van moeilike tye sal wees soos daar nog nooit was en nooit weer sal wees nie.”—*Thy Kingdom Come* (1916 ed.) bladsy 342, uit Engels vertaal.

Grondleerstellings

’n Paar belangrike Wagtoringleerstellings is gebaseer op verkeerde aannames.

Bloed

Elke jaar sterf Jehovah se Getuies omdat hulle bloedoortappings weier op grond van die godsdienis se interpretasie van ’n skriftuurlike vermaning om nie bloed te eet nie. Maar die geskiedenis van hierdie leerstelling behoort ’n mens aan die geldigheid daarvan te laat twyfel.

- Voor 1945 het die Wagtoringgenootskap bloedoortappings toegelaat
- In 1945 het hulle bloedoortappings en *alle* bloedfraksies verbied
- Sedert 2000 word baie van hierdie bloedfraksies weer toegelaat

Wie moet verantwoordelik gehou word vir diegene wat gesterf het omdat hulle bloedfraksies geweier het, maar wat nou vir God aanvaarbaar is? Sal jy jou kind laat doodgaan deur ’n bloedoortapping te weier?

607 – 1914

Die Wagtoringgenootskap se bewering dat die laaste dae in 1914 begin het, is uitsluitlik gebaseer op die verowering van Jerusalem deur Babilon in 607 v.C. Maar onder geskiedkundiges word daar algemeen aanvaar dat Jerusalem in 587 v.C. verower is. Hierdie is dieselfde geskiedkundiges wat die Wagtoringgenootskap vertrou as ’n grondslag vir alle ander profetiese interpretasies.

Hoewel hulle beweer dat 607 noodsaaklik is om te toon dat Bybelprofesie akkuraat is, is dit nie die geval nie. Jerusalem kan nog steeds volgens die Bybel in 587 geval het. Die werklike rede waarom hulle 607 gebruik en nie wil erken dat dit verkeerd is nie, is omdat 1914 ’n noodsaaklike en geliefde Wagtoringleerstelling is.

Jehovah

Die Wagtoringgenootskap beweer dat die aanbidding van Jehovah en die gebruik van die naam noodsaaklik is vir redding. Maar hierdie naam is nooit gevind in enige van die duisende antieke manuskripte van die Nuwe Testament nie. Die Wagtoringgenootskap het dit 237 keer verkeerdlik bygevoeg in die Nuwe Testament van hulle *Nuwe Wêreld-vertaling* om die manier te ondersteun hoe hulle die Bybel wil interpreteer.

Kan die Wagtoringgenootskap vertrou word?

Die Wagtoringleiers vereis vertroue.

“Die feit is dat Christene onwrikbare vertroue in hulle hemelse Vader het; hulle bevraagteken nie wat hy deur middel van sy geskrewe Woord en organisasie vir hulle sê nie.”—*Watchtower*, July 15, 1974, bladsy 441, uit Engels vertaal.

Verdien die organisasie onwrikbare vertroue? Lees byvoorbeeld wat hulle voor 1914 geskryf het:

“... ons beskou dit as ’n bewese waarheid dat die finale einde van die koninkryke van hierdie wêreld en die volle oprigting van die Koninkryk van God, aan die einde van 1914 n.C. bewerkstellig sal word”.—*The Time Is At Hand* (1889) bladsy 101, uit Engels vertaal.

Vergelyk dit met wat hulle beweer gesê is:

“... Jehovah se Getuies het dekades vooruit na die jaar 1914 verwys as die begin van ‘die einde van die stelsel van dinge’”.—*Awake*, January 22, 1973, bladsy 8, uit Engels vertaal.

Is dit Waarheid?

Die Wagtoringgenootskap is ’n apokaliptiese godsdienis wat verkondig dat die einde naby is. Behalwe valse voorspellings dat Armageddon teen Oktober 1914 (w 1892 1/15 bl. 23) sou eindig, kyk na die volgende stellings:

“... 1925 sien moontlik die terugkeer van hierdie getroue manne van Israel uit die dood, wat opgewek en tot volmaakte lewe herstel is en aangestel is as die sigbare, wetlike verteenwoordigers van die nuwe orde van dinge op aarde”.—*Millions Now Living Will Never Die*, bladsy 88, uit Engels vertaal.

“... die Here se voorsiening vir die doeltreffendste werk in die oorblywende maande voor Armageddon”.—*Watchtower*, September 15, 1941, bladsy 288, uit Engels vertaal.

“Binnekort, in ons twintigste eeu, sal ‘die stryd in die dag van Jehovah’ begin teen die hedendaagse antitipe van Jerusalem, die Christendom.”—*The Nations Shall Know That I Am Jehovah*, (1971), bladsy 216, uit Engels vertaal.

“Party van daardie ‘geslag’ kan tot aan die einde van die eeu oorleef. Maar daar is talle aanduidings dat ‘die einde’ baie nader as dit is!”—*Watchtower*, March 1, 1984, bladsye 18-19, uit Engels vertaal.

Die Wagtoringgenootskap se voorspellings was nog altyd vals en lewer bewys dat God nie die bewerings van die leiers rig nie. Watter uitwerking het hierdie valshede gehad op die lewe en besluite van hulle volgelinge?

“Daar word berigte gehoor van broers wat hulle huise en eiendom verkoop en beplan om hulle laaste dae in hierdie ou stelsel in die pionierdiens te bestee. Dit is beslis ’n goeie manier om die oorblywende kort tydjie te gebruik voor die einde van die goddelose wêreld.”—*Ons Koninkryksbediening* vir Mei 1974, bladsy 3, uit Engels vertaal.

Besoek www.jwfacts.com vir ’n volledige bespreking van die Wagtoringgenootskap se leerstellings en geskiedenis.

For general distribution under creative commons license 2010 Paul Grundy